

# *Vyf Wegrapings in die Nuwe Testament.*



**Open 11:12** En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: **Kom op hierheen!** En hulle [die 2 getuies] het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.



## Vyf Wegrapings in die Nuwe Testament.

Elke boek in die Nuwe Testament praat oor **die wederkoms van Jesus**, behalwe: **Galasiërs, Filemon** en **een en twee Johannes**—net voor Openbaring.

As gevolg van 'n geweldige toename van dwaalleringe duskant die wederkoms van Jesus, het die verwagting van Sy koms by baie mense vervaag en uitgedoof.

### **DIE KROON VAN GEREGTIGHEID VIR DIE LIEFDE VAN SY (JESUS SE) VERSKYNING.**

**2 Tim 4:8** Verder is vir my weggelê **die kroon van die geregtigheid** wat die **Here**, die **regverdige Regter**, my in dié dag sal gee; en **nie aan my alleen nie**, maar ook aan **almal wat sy verskyning liefgehad het**.

Uit bovermelde skrif is dit duidelik dat daar 'n **kroon van geregtigheid** is vir die wat **Sy verskyning, Sy wederkoms** lief het. Geliefdes laat ons nooit in die liefde van sy wederkoms verflou nie. Indien ons in die liefde verflou, kan ons **kroon van geregtigheid** val.

**Fil 4:1** Daarom, my geliefde broeders, na wie ek ook verlang, my **blydskap en kroon**, staan so vas in die Here, geliefdes.

In die **260 hoofstukke** in die Nuwe Testament, word **318 keer** genoem van Sy wederkoms.

**Heb 9:28** so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, **vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid**.

## VYF GETUIES !!!

Daar is dan ook vyf (5) getuies dat Jesus gaan kom, naamlik:

- (1) **Jesus**
- (2) **Die Engele**
- (3) **Paulus**
- (4) **Die Heilige Gees**
- (5) **Die Profesië**

### DIE GETAL VYF IN DIE BYBEL, BETEKEN

1. Sameroeping, byeenroeping, oproeping.
2. Dis ook die getal van genade, nl. Die vyf wonde van Jesus aan die kruis—twee hande, twee voete en die spies in die sy.

### A. DIE EERSTE WEGRAPING—HET REEDS PLAASGEVIND.

Die **Woord** is baie duidelik in dié verband dat, **voor die kruisiging van Jesus**, die **doderyk twee afdelings** gehad het, nl.

- 1) Die afdeling van die **regverdiges**, asook
- 2) Die **straf afdeling** van 'n **onuitbluslike vuur** van **pyniging** vir die **onsaliges**.

### Die Rykman en Lasarus (sien Luk 16:19-31)

'n **Ware gebeurtenis** wat hom dan afgespeel het in **die doderyk, voor die kruisiging van Jesus**.

- a) Die **rykman** in die **strafafdeling**, nou as die bedelaar, vir 'n druppel water op sy tong.
- b) Lasarus in die **Paradys afdeling** van ewige geluksaligheid aan die boesem van Abraham. Met 'n onoorbrugbare kloof tussen die twee afdelings in die doderyk.

## MATT 27 DIE KRUISIGING VAN JESUS!!!

**Mat 27:50** Daarop het **Jesus** weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee.

**Mat 27:51** En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur;

**Mat 27:52** en **die grafte het oopgegaan** en **baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan.**

**Mat 27:53** En **ná sy opstanding** het **hulle uit die grafte uitgegaan** en in die **heilige stad ingekom** en aan baie verskyn.

Toe die **Seun van God sterf** op **Golgotha** het die **aarde gebewe** en die **rotse het geskeur**. Die grafte van die **ontslape heiliges** het oopgeskeur en **hulle het opgestaan** **NADAT Jesus, die seun van God, EERSTE opgestaan het uit die dode.**

### Wie is hulle wat uit die grafte opgestaan het?

Dis duidelik dat die grafte wat oopgegaan het, en hulle wat opgestaan het, **die Ou Testamentiese heiliges is**. Die siele van die **Paradys afdeling** in die doderyk is dus oorgeplaas na die **derde hemel**.

**2 Kor 12:2** Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—**dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.**

**2 Kor 12:3** En ek weet van so 'n man—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit—

**2 Kor 12:4** dat hy weggeruk is in die **Paradys** en onuitspreklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie.

## Kom ons kyk wat sê Efes 4: 8-10

**Efes 4:8** Daarom sê Hy: Toe **Hy opgevaar** het in die **hoogte**, het Hy die **gevangenes gevange geneem** en gawes aan die mense gegee.

**Efes 4:9** Maar dit: **Hy het opgevaar**—wat beteken dit anders as dat **Hy ook eers neergedaal het** in die **onderste dele van die aarde?**

**Efes 4:10** **Hy wat neergedaal het**, is dieselfde as **Hy wat opgevaar het** bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.

Die **eerste wegraping** het dus **reeds plaasgevind**, en die **orige vier (4)** is dus **in die toekoms**.

## WAT WORD VAN DIE ONTSLAPE HEILIGES VANAF DIE KRUISIGING?

**Ontslape heiliges, vanaf die kruisiging**, se **siele** kan **nie meer afdaal** na die **Paradys afdeling** in die **doderyk nie**, maar word in die **derde hemel**, die **stad van goud**, waar **God die Vader** en **Jesus** is, geneem in 'n ewige geluksaligheid.

**As ons aardse tentwoning afgebreek word.....**

**2 Kor 5:1** Want ons weet dat as ons **aardse tentwoning afgebreek** word, ons 'n gebou het van God, 'n **huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele**.

**2 Kor 5:2** Want om hierdie rede **sug ons** ook en **verlang** om met **ons woning uit die hemel oorklee te word**,

**2 Kor 5:3** as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie.

**2 Kor 5:4** Want **ons wat nog in die tent is, sug** en **voel beswaard**, omdat ons liewer nie ontklee nie, maar oorklee wil word, sodat die sterflike deur die lewe verslind kan word.

- 2 Kor 5:5** Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook **die Gees as onderpand gegee het.**
- 2 Kor 5:6** Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.
- 2 Kor 5:7** Want **ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.**
- 2 Kor 5:8** Maar ons het goeie moed en **verkies om liever uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.**
- 2 Kor 5:9** Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe, of ons inwoon of uitwoon, **om Hom welbehaaglik te wees.**
- 2 Kor 5:10** Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat **elkeen kan ontvang** wat hy **deur die liggaam verrig het**, volgens **wat hy gedoen** het, of dit **goed is of kwaad.**

**Fil 1:23 (b) .....**: ek **het verlange om heen te gaan** en met Christus te wees, want **dit is verreweg die beste**;

**Fil 3:20** Want **ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,**

**1 Kor 2:9** maar soos geskrywe is: **Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom** het nie, **wat God berei** het vir **die wat Hom liefhet.**

## **WAT WORD VAN DIE ONSALIGES [SONDAARS] BY HUL AFSTERWE?**

In **Luk 16** is dit duidelik dat die **sondaar, onregverdige,** nog steeds na **die buik van die aarde, die doderyk, die straf afdeling, neerdaal**

## **B) DIE TWEEDE WEGRAPING!!!**

Wat dan ook bekend staan as **die wegvoering van die bruid van Jesus, die Bruidegom.**

Openbaring die eerste hoofstuk gee vir ons 'n pragtige **foto** van Jesus.

**Open 1:12** Toe draai ek my om, om te sien **watter stem met my gesprek het**; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,

**Open 1:13** en tussen die sewe kandelaars **Een soos die Seun van die mens** met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

**Open 1:14** Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam,

**Open 1:15** en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters.

Openbaring die tweede en derde hoofstuke is die **sewe gemeentes** van **Christus**. In genoemde twee hoofstukke word **negentien keer** gepraat van **die kerk**; **Grieks = EKLESIA**. Dan **nie weer** voor die **negentiende hoofstuk** nie. Die **derde hoofstuk** is dus die **afsluiting** van die **kerk- of GENADE - tydperk**.

**Openbaring vier is die Wegrapping.....**  
(Die vierde en vyfde hoofstukke is die kerk in die Hemel)

**Open 4:1** Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n **geopende deur in die hemel**, en **die eerste stem** wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: **Kom op hierheen**, en **Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur**.

**Hoofstuk vier** begin met die woorde - **Ná HIERDIE DINGE .....**, **m.a.w. ná die derde hoofstuk**, wat die **afsluiting van die kerk is**. 'n **Geopende deur**, nie tussen twee vertrekke nie, maar **in die hemel**. Met 'n **stem** soos die van 'n basuin wat spreek: "**Kom op hierheen**"! Dit is die **presiese woorde** wat die bruid van Jesus gaan hoor: "**Kom op hierheen!!**"



**1Thes 4:13** Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle **onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie**, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.

**1Thes 4:14** Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, **dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.**

**1Thes 4:15** Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat **ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.**

**1Thes 4:16** Want **die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.**

**1Thes 4:17** Daarna sal **ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.**

**Alle ontslape heiliges vanaf die kruisiging tot en met die wegraping se grafte sal dan oopskeur.**

**1Thes 5:1** Maar oor **die tye en geleenthede**, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie;

**1Thes 5:2** want julle weet self baie goed dat **die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.**

**1Thes 5:3** Want **wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle** soos die barendsnoed 'n swanger vrou, en hulle sal **sekerlik nie ontvlug nie.**

**1Thes 5:4** Maar **julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.**

**1Thes 5:5** Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.

**1Thes 5:6** **Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.**

**1Thes 5:7** Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat

dronk **word, is in die nag dronk.**

**1Thes 5:8** Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.

**1Thes 5:9** **Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus**

**1Thes 5:10** wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe.

**1Thes 5:11** Daarom, bemoedig mekaar en **bou die een die ander** op, soos julle ook doen.

**Joh 14:2** **In die huis van my Vader is daar baie wonings**; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. **Ek gaan om vir julle plek te berei.**

**Joh 14:3** En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, **kom Ek weer en sal julle na My toe neem**, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

**1 Kor 15:51** Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: **Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal ver-ander word,**

**1 Kor 15:52** in 'n oomblik, in 'n oogwink, [oomblik, oogwink - Grieks = Atomos dit beteken **ONDEEL-BAAR**] by die **laaste basuin**; want die basuin sal weerklink, en **die dode sal onverganklik opgewek word**; en **ons sal verander word.**

**1 Kor 15:53** Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.

## **C) DIE DERDE WEGRAPING**

**Is die 144,000 Jode. Twaalfduisend uit elk van die 12 stamme. [12 x 12,000 = 144,000] Almal Jode.**

Daar is vandag dwaalleringe wat aanspraak daarop maak dat hulle die 144,000 uitmaak van **Openb 7:4-8**, terwyl

hulle geen Joodse burgerskap besit nie.

**Open 7:4** En ek het die getal van die verseëlde gehoor: **honderd vier en veertig duisend** verseëlde **uit al die stamme** van die **kinders van Israel**

**Open 7:5** uit die **stam van Juda twaalf duisend** verseëlde; uit die **stam van Ruben twaalf duisend** verseëlde; uit die **stam van Gad twaalf duisend** verseëlde;

**Open 7:6** uit die **stam van Aser twaalf duisend** verseëlde; uit die **stam van Náftali twaalf duisend** verseëlde; uit die **stam van Manasse twaalf duisend** verseëlde;

**Open 7:7** uit die **stam van Símeon twaalf duisend** verseëlde; uit die **stam van Levi twaalf duisend** verseëlde; uit die **stam van Issaskar twaalf duisend** verseëlde;

**Open 7:8** uit die **stam van Sébulon twaalf duisend** verseëlde; uit die **stam van Josef twaalf duisend** verseëlde; uit die **stam van Benjamin twaalf duisend** verseëlde.

**Open 14:1** En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom **honderd vier en veertig duisend** met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.

**Open 14:2** En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van sitterspelers wat speel op hulle siters.

**Open 14:3** En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, **behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is.**

**Open 14:4** Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam.

**Open 14:5** En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God.

Bogenoemde sal **as predikers optree** gedurende die **eerste drie en 'n half jaar** van **Antichris regering**, sodat die **Jode** ook gered kan word en **Jesus** as hulle **Messias** aanvaar.

### **DIE VROU EN DIE DRAAK - Openbaring 12**

**Open 12:1** En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre;

**Open 12:2** en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood.

**Open 12:3** En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;



**Open 12:4** en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.

**Open 12:5** En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.

**Open 12:6** En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank.

Die **vrou** hier wat die manlike kind gebaar het **simboliseer** die **Joodse nasie, Israel**. Die **manlike kind** word deur baie, verkeerdelik, geïnterpreteer as Jesus Christus.

### **By hierdie geleentheid het Jesus:**

1. **reeds weggevaar na die hemel.** [Hand 1]
2. **reeds as Bruidegom sy bruid weggevoer** /weggeraap na die hemel. [Open 4:1]
3. En moet nou **aan die einde van die verdrukking** weer **kom** op sy wit perd. [Open 19:11-21] **om die nasies te oordeel**. Dit is dus nie moontlik dat genoemde manlike kind Jesus kan wees nie.

## **WIE IS DIE MANLIKE KIND?**

Die **Dake's Annotated Reference Bible** is dit eens dat die manlike kind niemand anders kan wees as die **144,000 Jode** nie en gee vir ons **vyftien redes in dié verband**.

## **Die manlike kind [144,000 ] word weggeraap.**

**Open 12:5** En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; **en haar kind is weggeruk na God en sy troon.**

## D) DIE VIERDE WEGRAPING.

### Die verdrukking heiliges [Martelare]

Dit is **hulle** wat dit **nie meegemaak het** met die **tweede wegraping** - die **bruid van Jesus nie**, [Open 4:1; 1 Thes 4: 13-17; Joh 4:2-3] wat dan in die **verdrukking** van **sewe jaar** ingaan en **met hul bloed moet betaal**. Dit blyk uit **God's Woord**, dat **hulle ook nie deel van die bruid van Jesus Christus uitmaak nie**.

**Open 7:9** Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n **groot menigte wat niemand kon tel nie**, uit **alle nasies** en **stamme** en **volke** en **tale**; hulle het **gestaan voor die troon** en **voor die Lam, bekleed met wit klere** en met palmtakke in hulle hande;

**Open 7:10** en **hulle** het met 'n **groot stem geroep** en gesê: **Heil aan onse God** wat op die troon sit, **en aan die Lam**

**Open 7:11** En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê:

**Open 7:12** Amen! Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.

**Open 7:13** Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: **Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?**

**Open 7:14** En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: **Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom**, en **hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam**.

**Open 7:15** **Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag** in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.

**Open 7:16** **Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie**, en **nooit sal die son of enige hitte op hulle**

**nie;**

**Open 7:17** want **die Lam** wat in die middel van die troon is, sal **hulle laat wei** en hulle na **lewende waterfonteine lei**, en **God sal alle trane van hulle oë afvee**.

### **Hulle Posisie in die hemel is staande!**

**Open 7:9(b)** .....; **hulle** het **gestaan** voor **die troon** en **voor die Lam**, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;

**Hulle** het dan ook **geweier** om **die merk** van die **Antichris** te aanvaar op hulle **regterhande** en **voorhoofde**.

**Open 13:16** En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘**n merk** op hulle **regterhand** en op hulle **voorhoofde** gegee word;

**Open 13:17** sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.

### **Die bruid se posisie is sittende op trone.**

**Open 3:21** Aan hom wat oorwin, sal **Ek** gee om **saam met My te sit op my troon**, soos **Ek** ook oorwin het en saam met my **Vader** op sy troon gaan sit het.

**Open 4:4** En **rondom die troon** was daar **vier en twintig trone**, en **op die trone** het ek **die vier en twintig ouderlinge sien sit**, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.

### **DIE MARTELARE SE SIELE IS ONDER DIE ALTAAR EN ROEP NA GOD.**

**Open 6:11** En aan **elkeen van hulle** is **wit klere** gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ‘n klein tydjie moes rus totdat ook **hulle medediensknegte** en **hulle broeders**

gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.

### **Hulle marteling was onthoofding.**

**Open 20:4** En ek het **trone gesien**, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; **en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus** en oor **die woord van God**, en die wat die **dier** en sy **beeld nie aanbid het nie**, en **die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie**; en hulle het geleef en **as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.**

### **Hulle wegraping in Open 20:4(b)**

".....en hulle het geleef ....."

## **E) DIE VYFDE WEGRAPING.**

### **Die wegraping van die twee getuies Open 11**

Die **wegraping van die twee getuies, eindig** dan die **eerste opstanding** vir alle **saliges**, wat **begin** met die **opstanding van Jesus** en die **Ou Testamentiese ontslape heiliges**. Die eerste wegraping, soos reeds genoem.

**Open 11:7** En **wanneer hulle hul getuienis voleindig het**, sal **die dier** wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en **hulle doodmaak**;

**Open 11:8** en **hulle lyke sal lê op die straat** van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is.

**Open 11:9** En **mense** uit die volke en stamme en tale en nasies sal **hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien** en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie.

**Open 11:10** Die **bewoners van die aarde** sal bly en verheug wees oor hulle en **sal vir mekaar geskenke**



**stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.**

**Open 11:11** En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van **die lewe uit God in hulle ingegaan**, en hulle het op hul **voete gaan staan**, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het.

## **Hulle doel**

Net soos **God Moses en Aäron** gebruik het om die **tien plaë** oor die **Egiptenare** te bring, gaan **God die twee getuies** gebruik om die bewoners van die aarde te **pyinig met plaë** in die **verdrukkingstydperk**.

**Hulle word gedood deur die dier uit die afgrond.**

**Open 11:7** En wanneer hulle **hul getuienis voleindig het**, sal **die dier** wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en **hulle oorwin en hulle doodmaak**;

**Open 11:8** en **hulle lyke sal lê op die straat** van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is.

**Hulle lyke word nie in 'n graf gelê nie, maar lê in staatsie vir drie en 'n halwe dag.**

Alle **TV kameras** van die wêreld gerig op **die twee lyke**, van die profete wat die wêreld gepynig het.

**Open 11:9** En mense uit **die volke** en **stamme** en **tale** en **nasies** sal **hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien** en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie.

## **Die bewoners van die aarde gee mekaar geskenke oor die dood van die twee getuies.**

**Open 11:10** Die **bewoners van die aarde sal bly en verheug** wees oor hulle en sal **vir mekaar geskenke stuur**, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.

## **Die Gees van God maak die getuies lewendig.**

**Open 11:11** En ná die drie en ‘n halwe dag het ‘n **gees van die lewe uit God in hulle ingegaan**, en hulle het op hul **voete gaan staan**, en ‘n **groot vrees** het geval op die wat hulle aanskou het.

## **Hulle Wegraping**

**Open 11:12** En hulle het ‘n **groot stem uit die hemel** vir hulle hoor sê: **Kom op hierheen!** En hulle het **opgevaar na die hemel in die wolk**, en hul vyande het hulle aanskou.

## **Wie is die twee getuies wat nou weggeraap is na die hemel??**

**Ons glo** dat dit **Moses en Elia kan wees**. In **Matt 17** - op die berg van verheerliking - het **Moses en Elia saam met Jesus** verskyn.

1. **Moses** was reeds in **Egipte betrokke** met **plae soos deur God gestuur**. Hy het dan ook reeds **water in bloed verander** in Egipte, ens.
2. **Elia** is **lewendig weggeruk na die hemel** met die **wa en perde van vuur**. **Elia** was dan ook **deur God gebruik om vuur uit die hemel te bid** op **Karmel** met die **Baalse profete**. [2 Kon 18.]

Die **eerste wegraping**, wat reeds vervul is, vind ons dan in **Matt 27**.  
Die **laaste vier wegrapings**, wat in die toekoms lê, vind ons in die  
**boek Openbaring**.

Die **eerste wat dan nou vervul moet word** is die  
**wegvoering van die bruid van Jesus**.

**Open 4:1 "KOM OP HIERHEEN!!!"**



# Koerantberig.

Rapport 16 Aug 1992

## 'n Hemelse koor sing

'N GROEPIE Amerikaanse ruimte-wetenskaplikes van Nasa kon hul ore nie glo toe hulle na 'n band luister wat deur 'n satelliet teruggesein is nie. Dit het kompleet geklink soos 'n hemelse koor wat sing.

En die koorsang van sewe minute op die band kom uit die nuwe reusagtige sogenaamde "swart gat" in die buitenste ruimte wat verlede jaar deur die Hubble-ruimteteleskoop ontdek is.

Hierdie "swart gat" is in die M 51-sterrestelsel, sowat twintig miljoen ligjare van die aarde af.

In geheime memorandumms wat by Nasa se hoofkantoor in Washington uitgelok het, word beweer dat net 23 mense, onder wie pres. George Bush, van hierdie "koor"-bande weet.

Op die bande word glo die "hemelse sang van derduisende stemme" gehoor.

Singende engele, glo een van die mense wat na die band geluister het. En voeg by dat hy wonder of die "swart gat" in die M 51-sterrestelsel nie dalk die poort na die hemel is nie . . .

Hy sê nadat die Hubble-teleskoop die "swart gat" ontdek het, het Nasa besluit om 'n gesofistikeerde satelliet met 'n radioteleskoop op die gebied te fokus om radiogolwe te probeer opspoor. Dis toe dat hierdie "koorsang" opgeneem is.



**Openb 22:12** En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

**Openb 22:20** Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. **Amen, ja kom, Here Jesus!**

## **Maak jou klaar om jou God te ontmoet. Amos 4:12 (b)**

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof - die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Maar tussen die hemel en die aarde is ook 'n kloof - die kloof van tyd. Hierdie kloof is oorbrug deur **Jesus Christus**.

**Hand 4:12** En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook **geen ander naam (Jesus Christus)** onder die hemel wat onder die mense gegee is, **waardeur ons gered moet word nie**.

**Rom 13:11** En dit te meer, omdat ons die **tydsomstandighede ken**, dat **die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word**; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.

**Rom 13:12** **Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.**

**Rom 13:13** Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, **nie in brassery en dronkenskap**, nie in **ontug** en **ongebondenheid**, nie in **twis** en **nydigheid** nie.

**Rom 13:14** **Maar bekleed julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.**

## **Maranata!!! Jesus kom spoedig terug!!!**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

(044) 696-5891

Epos: [konanja333@gmail.com](mailto:konanja333@gmail.com)  
Webtuiste: [www.ramshoring.co.za](http://www.ramshoring.co.za)

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

**Die Here seën U !!!**



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

